## 8 Januarie Josua 1:1-9

### *God belowe, ons moet glo*

Moses is dood en die volk staan voor die beloofde land - sonder leier. Na wie kan hulle opsien om hulle verder te lei? Veertig jaar het hulle vir Moses gehad en nou is hulle leierloos! Maar die Here het lankal voorsien - Josua, opgelei in die leerskool van die woestyn. Josua ontvang van God self die belofte: "Soos Ek by Moses was, so sal Ek by jou wees". Drie keer ontvang hy die opdrag: "Wees sterk, wees vasberade" (6, 7, 9) maar elke keer met 'n ander beklemtoning. Die eerste oproep "wees sterk, wees vasberade" gaan oor die feit dat God hom as leier gekies het, daarom kan Hy hom stuur. Die Here grond sy opdrag op sy eie belofte, want "Ek het met 'n eed van hulle voorvaders beloof'. Die tweede opdrag kom met die eis van gehoorsaamheid. Jy kan net slaag as jy nie na links of regs afwyk van wat die Here in sy wet beveel het nie. Dan sal jy voorspoedig wees, dan sal jy slaag in wat jy doen. Die derde opdrag om sterk en vasberade te wees kom met die versekering - Weet altyd God is by jou waar jy ook al gaan.

In 'n vinnige veranderde wêreld, voel ons ook leierloos, moedeloos. Ons soek 'n leier om te volg, maar hoe verder? Daar is drie maniere om die toekoms in te gaan: Volg die leiers wat God gee, volg die voorskrifte wat God gee, volg met die sekerheid dat God orals is waar sy kinders ook al gaan.

Sing: Psalm 68:9 Ds. J.P van der Walt (Strand)